REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 423

CAPE TOWN, 4 SEPTEMBER 2000

KAAPSTAD, 4 SEPTEMBER 2000

No. 21537

THE PRESIDENCY

No. 878. 4 September 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 18 of 2000: Road Accident Fund Commission Amendment Act, 2000.

DIE PRESIDENSIE

No. 878. 4 September 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 18 van 2000: Wysigingswet op die Padongelukfondskommissie, 2000.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 30 August 2000.)*

# ACT

**To amend the Road Accident Fund Commission Act, 1998, so as to further provide for the duties of the Commission with regard to its inquiry in terms of section 5(1); to extend the period within which its report has to be submitted to the President; and to provide for the extension of that period by the President; and to provide for matters incidental thereto.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 7 of Act 71 of 1998**

**1.** Section 7 of the Road Accident Fund Commission Act, 1998 (Act No. 71 of 1998), is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Commission must **[complete]**, after completion of the inquiry referred to in section 5(1) **[within a period of nine months from the date of appointment of the members of the Commission in terms of section 3(1)]**, prepare a written report containing its findings and conclusions, and the recommendations referred to in section 5(2).";

*(b)* by the deletion of subsection (2); and

*(c)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) *(a)* The Commission must submit its report to the President within a period of **[three]** 24 months from the **[completion of the enquiry]** date of appointment of the members of the Commission.

*(b)* The President may, by proclamation in the *Gazette*, extend the period referred to in paragraph *(a)* if the Commission requests the extension of the period in writing.".

**Short title**

**2.** This Act is called the Road Accident Fund Commission Amendment Act, 2000, and must be regarded as having taken effect on 1 June 1999.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 30 Augustus 2000.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Padongelukfondskommissie, 1998, ten einde verdere voorsiening te maak vir die pligte van die Kommissie met betrekking tot sy ondersoek ingevolge artikel 5(1); en die tydperk waarbinne sy verslag aan die President voorgelê moet word, te verleng; en voorsiening te maak vir die verlenging van daardie tydperk deur die President; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 7 van Wet 71 van 1998**

**1.** Artikel 7 van die Wet op die Padongelukfondskommissie, 1998 (Wet No. 71 van 1998), word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Kommissie moet <u>na voltooiing van</u> die ondersoek bedoel in artikel 5(1) **[voltooi binne 'n tydperk van nege maande vanaf die datum van aanstelling van die lede van die Kommissie ingevolge artikel 3(1)]** <u>'n skriftelike verslag voorberei wat die Kommissie se bevindinge en gevolgtrekkings, en die aanbevelings bedoel in artikel 5(2), bevat.</u>";

*(b)* deur subartikel (2) te skrap; en

*(c)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) <u>*(a)*</u> Die Kommissie moet sy verslag aan die President voorlê binne 'n tydperk van **[drie]** <u>24</u> maande vanaf die **[voltooiing van die ondersoek]** <u>datum van aanstelling van die lede van die Kommissie.</u>

<u>*(b)* Die President kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, die tydperk bedoel in paragraaf *(a)* verleng indien die Kommissie die verlenging skriftelik versoek.</u>".

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Padongelukfondskommissie, 2000, en word geag op 1 Junie 1999 in werking te getree het.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000